



Wenk van die Maand

Februarie 2019

SPUITWATER – MEER AS NET ‘N DRAER

Water word as ‘n draer gebruik om gewas beskerming produkte (GBP) toe te dien. Die GBP word in die spuitwater opgelos (SL & SG formulasies), ge-suspendeer (SC formulasies), ge-emulsifiseer (EC formulasies), ge-dispergeer (WDG formulasies) ens. om sodoende eweredig en effektief oor ‘n sekere area toegedien te word.

Die spuitwater moet egter as meer as net ‘n draer beskou word. Spuitwater het ‘n eie chemie en dit moet dus as die hoogste volume chemikalieë in die spuittenk beskou word! Dit is dus belangrik om die volgende met alle spuitmengsels te vra.

- Is die water modderig en is daar ‘n alternatiewe bron wat skoner is?
- Weet ek wat die soutinhoud en die pH van die water is? Indien nie, moet ek dit dalk oorweeg om die water by ‘n laboratorium te laat ontleed of selfs net die EG (elektriese geleidingsvermoë) en pH laat meet?
- Besef ek dat ‘n hoë pH nie noodwendig beteken dat die water hard is nie?
- Is enige van die GBP in die tenk gevoelig vir alkaliese hidroliese (afbraak in hoë pH water) en moet ek dit oorweeg om ‘n buffer te gebruik om hierdie produkte te stabiliseer?
- Word enige van die GBP deur ‘n uitermatige lae pH benadeel of sal ‘n lae pH tot fisiese onmengbaarheid lei? Indien dit die geval is, tot waar kan die pH verlaag word?
- Weet ek wat die buffervermoë van die water is omdat dit die pH van die spuitmengsel sal beïnvloed indien buffers gebruik word?

- Word enige van die GBP deur harde (kalsium + magnesium) of brak (natrium) water benadeel en moet ek ‘n soutbyvoegmiddel soos ammoniumsulfaat gebruik?
- Is daar ander ione, soos yster, wat teen hoë vlakke teenwoordig is?
- Weet ek wat die kwaliteit van die water-kondisioneerders is omdat dit sal bepaal wat die sout-bindvermoë van ‘n soutbyvoegmiddel is, en die finale pH van die spuitmengsel sal bepaal wanneer ‘n buffer gebruik word?
- Besef ek dat lae soutinhoud water ‘n unieke stel probleme het, soos pH vlakke wat te laag kan daal, of uitermaige skuimvorming met produkte wat benatters bevat?
- Is die water koud omdat dit tot fisiese onmengbaarheid met sekere mengsels soos glifosaat + fenoksie onkruidodders kan lei, veral wanneer lae spuitvolumes toegedien word?
- Het ek die etiket aanbevelings oor waterkwaliteit vereistes en byvoegmiddels gevolg?

Villa se mening

Water maak gewoonlik die oorgrote volume van die spuitmengsel op, dus is dit van kardinale belang om te weet watter invloed dit op die GBP het. Indien die waterkwaliteit probleme nie reggestel word nie, sal die GBP oneffektief wees of dit kan selfs tot fisiese onmengbaarheid of gewasskade lei.

Kontak Brian de Villiers vir meer
inligting oor byvoegmiddels
en waterkwaliteit by
082 880 0974 of
bdevilliers@villacrop.co.za

villa